

6 Januarie

Skrifgedeelte: Nehemia 4:1-23

Het Satan 'n antwoord vir jou probeerslae?

Gelowiges kom dikwels by die punt waar hulle besef hulle moet hulle verhouding met God weer versterk en verdiep. Dit is juis dan dat ons vind hoe moeilik dit is. Ons kan dit baie goed verstaan, want Satan wil nie hê ons moet opstaan uit ons lou en koue lewe nie. Om ons bekeringspoging in die wiele te ry, wek hy allerhande negatiewe gedagtes by ons op.

Luister hoe hy die Israeliete probeer aftakel (vs 2-3) wanneer hulle beplan om die muur van Jerusalem weer op te rig na die ballingskap! Satan vra ook aan jou: "Dink jy jy kan weer terugkeer na God? Kyk hoe lyk jou verhouding met God! Dink aan al die verkeerde dinge wat jy gedoen het. Daar is net 'hope stof en as' oor. Dit kan nie weer lewend gemaak word nie. Jy is geestelik uitgebrand. Dit is klaar met jou. Dink jy God sal jou vergewe? Jou mure sal omval as die jakkalse daarteen spring. Geniet maar eerder jou ou sondige lewe!

"Jy sal tog nie kan verander nie. Hoe sal jy jou jongmenslewe kan geniet as jy nie kan 'jol' nie? Ek wil sien hoe maak jy geld as jy nie kan kul nie. Hoe gaan jy jou werkers aan die gang kry as jy nie meer op hulle vloek en skel nie? Jy is net nie die tipe mens wat die minste kan wees nie."

As jy dié aanvegtinge beleef, moet jy opkyk (vs 14) na God waar jou krag is, en nie af na jou vyand sodat jy bang word nie. Sien Jesus Christus in die hemel as oorwinnaar! Sien ook hulle wat aan jou sorg toevertrou is, jou roeping as gelowige – en Satan sal jou nie oorwin nie.

Ds A Venter (Pretoria-Annlin)